# DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN SUID-AFRIKA.



SPESIALE NUUSBRIEF
Nr. 1/89. ©

Saamgestel en uitgegee deur die komitee.

Redakteur: Dr EA Retief

Augustus 1989.

## REDAKSIONEEL:

**Gedurende die afgelope paar maande het die komitee alle aspekte van die Tradisionele Boeremusiekklub (TBK) se infrastruktuur en administrasie ondersoek. Baie klippe is omgerol en heelwat veranderinge wat alreeds geïmplimenteer is, sowel as ander wat nog beplan word, behoort die taak van die komiteelede baie te vergemaklik. Terselfdertyd sal u as lid beslis ook voordeel hieruit trek.**

Die sukses van enige organisasie, veral een soos ons Klub wat bestaan vanweë ons gesamentlike liefde vir tradisionele Boeremusiek, word hoofsaaklik deur wisselwerking tussen die bestuur en klublede bepaal. Die komitee moet en kan die nodige leiding verskaf, maar ons is baie afhanklik van lede se bydraes in die vorm van advies en kommentaar oor enige onderwerp. Daar rus dus ook 'n plig op u as lid om saam te bou aan die sukses van die TBK.

Baie lede het laat blyk dat hulle in die duister is oor gebeure in Pretoria en veral oor die doen-en-late van die komitee. Die huidige komitee is deeglik bewus van ,hierdie probleem en ons pleit skuldig. Hierdie toestand van sake gee ongelukkig aanleiding tot gerugte en stories met verdraaide feite wat niemand tot eer strek nie. Ons kan u egter verseker dat alle komiteelede deelneem aan besprekings en beslissings geskied

in die demokratiese tradisie by wyse van stemming. Selfs die inhoud van hierdie nuusbrief is deur die komitee goedgekeur!

Die voorgestelde wysigings aan die grondwet, wat almal van ons raak, is 'n goeie geleentheid om met ons lede te kommunikeer oor die komitee se aktiwiteite. Hierdie nuusbrief is dus saamgestel uitsluitlik om hierdie leemte te vul. Oom Piet Bester se gewaardeerde bydrae om die Vastrapper te produseer gaan onafhanklik voort. Niemand kan sy geselstrant en plat-op-die-aarde kontak met die lede ooit ewenaar nie. Met of sonder snor, het Oom Piet geen ander keuse as om die Vastrapper te laat verskyn nie.
Baie van die TBK se ongeveer 700 lede woon in die platteland waar hulle nog nie by takke ingeskakel is nie en ook nie die geleentheid kry om die Algemene Jaarvergaderings by te woon nie. Wees verseker dat ons julle nie sal vergeet nie en julle belange lê op ons harte.

## BELANGRIKE SAKE

1. Stephaan van Zyl (Sekretaris, Bus 55549, ARCADIA 0007. Tel.: (012) 343-6703 - huis) is die enigste komiteelid wat die volgende sake ontvang en hanteer:
   - Aansoek om lidmaatskap.
   - Ledegelde - slegs van diè lede wat nie per aftrekorder betaal nie.
   - Briewe oor klubsake.
   - Navrae.
   - Adresveranderings.

2. Oom Piet Bester (Bus 529, LADANNA 0704. Tel.: (0521) 931-374) ontvang geselsbriewe. Onthou asb.: Hoe korter die briewe en nuusberigte, hoe beter die kanse om in die Vastrapper geplaas te word.

3. Gerda du Plessis (Posbus 13556, SINOVILLE 0129. Tel.: (012) 548-0956) hanteer alle verkope en navrae oor plate, sak- en lapelwapens asook aftrekorders wat u instaat stel om die koste van plate en lidmaatskap oor 12 maande te versprei.

4. Ed Retief (Voorsitter, Posbus 55549, ARCADIA 0007. Tel. (012) 911-0224 - huis) hanteer navrae oor klubaktiwiteite, veranderings aan die grondwet en die Pretoria-Tak.

5. Indien u nie van die aftrekordersisteem gebruik maak nie, is u jaarlikse ledegeld van R15-00 elke 12 maande op die datum van u toetrede tot die Klub betaalbaar. As u die ledegeld betyds aan die

sekretaris stuur, spaar dit ons baie moeite. Die R15-00 kan ook verder gerek word aangesien ons nie onnodige rekenings en aanmanings hoef uit te stuur nie.

**U samewerking sal vir almal die lewe makliker maak:**
**ASSEBLIEF.**

6. Gebruik asb. die ingeslote nuwe aansoekvorm om geesgenote vir tradisionele Boeremusiek te werf. U as lid moet die TBK en ons saak bemark -- vertel die mense wat ons alles doen, wat ons alreeds vermag het; laat hulle 'n Vastrapper en hierdie Nuusbrief lees. Laastens kan u hulle na een van Danie Labuschagne se lekker langspeelplate laat luister.

7. Die koerantverkopertjies in Pretoria se standaard bedellied is: "... My baas, ek dors die sigret...". Nou die komitee "dors" vir nuus van ons lede ... moet ons asseblief nie teleurstel nie!

8. Baie mense glo blykbaar dat slegs diegene wat 'n musiekinstrument kan bespeel, mag by die TBK aansluit. Die antwoord is NEE - enige liefhebber van tradisionele Boeremusiek is baie welkom!

9. Nadat die TBK in 1987 besluit het teen samesmelting of enige vorm van samewerking met 'n groep persone wat gevoel het dat hulle moderne Boeremusiek wou bevorder, het hulle voort gegaan en 'n nuwe organisasie gestig. Die SA Boeremusiekgilde, soos dit genoem word, het gedurende Julie 'n aantal streekklubs gestig. In Pretoria, byvoorbeeld, staan die tak bekend as "Die Noord-Transvaalse Boeremusiekklub".

Die SA Boeremusiekgilde is betrokke by die beplande Boeremusiekfees te Leeupoort, maar hierdie feit word egter in die media verswyg. 'n Radioberig het selfs, sonder die medewete van die leier, gemeld dat die Oudag-boereorkes gaan optree!

Die volgende verklaring word genoodsaak deurdat hierdie toedrag van sake verwarring by sommige van ons lede skep.
Die bestuur van die TBK stel dit duidelik en kategories:

- Die Tradisionele Boeremusiekklub van SA wat in 1981 gestig is, is 'n onafhanklike organisasie wat volgens sy grondwet hom ten doel stel om slegs tradisionele Boeremusiek te bevorder deur die unieke karakter daarvan te bewaar en uit te bou.
- Die vyf bestaande takke sowel as enige ter stigte tak staan bekend as: **"Die ...(stad/streeknaam)- Tak van die Tradisionele Boeremusiekklub van SA".**

Ons is trots op ons naam en die saak wat ons bevorder. Ons wil dus geen misverstande oor hierdie aspekte hê nie.

- Daar bestaan tot op datum geen samewerking of samesprekings met die SA Boeremusiekgilde of hulle streekklubs nie.
- Die TBK het geen aandeel in die Boeremusiekfees te Leeupoort nie.

## NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN SA, GEHOU OP 24 SEPTEMBER 1988, TE PRETORIA-NOORD.

Presensie: Die volle komitee en 115 klublede is teenwoordig. Die voorsitter open die vergadering om 15:00 en vra ds Aucamp om 'n gebed te doen.
Die voorsitter heet almal welkom en daarna lees die sekretaris die notule van die vorige algemene jaarvergadering voor. Geen kommentaar word gelewer nie en die notule word as 'n juiste weergawe van die verrigtinge aanvaar.
'n Oomblik van stilte word afgekondig ter ere van klublede wat gedurende die jaar oorlede is.
In sy verslag verwys die sekretaris na die groei wat die Klub gedurende die afgelope jaar ondervind het.
Die penningmeester lê 'n finansiële verslag ter tafel en verklaar dat die klub finansieel gesond is. Hy bedank Die Vyf Namakwalanders vir die finansiëring van hul eie plaat.
Die voorsitter lewer sy jaarverslag waarin hy aankondig dat die ledegeld vanaf 1 Januarie 1989 na R15 verhoog word om sodoende die koste van die "Vastrapper" in te sluit. Hy maak melding van 'n fonds wat gestig om sekere lede wat in geldelike nood verkeer, te help. Hy bedank mnr J Driver vir die projek wat hy aangepak het ten bate van die fonds.
Mnre Jack Botes en J Smit word as erelede aanbeveel.
Dr Retief doen verslag oor skakeling met ander kultuurorganisasies o.a. die Landboudistilleerdersgilde (mampoerstokers). Hy meld ook die beoogde stigting van die Pretoria-Tak van die TBK.
Mnr Ben Bester doen verslag oor die vordering van die Vaalharts-Tak. 'n Oorkonde en 'n horlosie word respektiewelik aan lt.kol. Piet Bester en ds Aucamp oorhandig.
Nadat die laaste bedankings afgehandel is, word die vergadering om 16:00 deur die voorsitter gesluit verklaar.

*Voorsitter* *Sekretaris*

## KENNISGEWINGS --
## SPESIALE ALGEMENE VERGADERING.

Tyd: 14:00 op 23 September 1989.
Plek: Groot Rondawel op die SAP-ontspanningsoord, Pretoria-Noord. Volg wegwysers op die Rosslynpad.

**A G E N D A**

1. Opening en verwelkoming.
2. Kennisgewing van vergadering.
3. Sakelys.
4. Voorgestelde wysigings aan die grondwet.
5. Verdaging.

## ALGEMENE JAARVERGADERING.

Tyd: Onmiddellik na die afloop van die Spesiale Vergadering. Geskatte tyd is ongeveer 15:00 tot 15:30.

**A G E N D A**

1. Opening en verwelkoming.
2. Kennisgewing van vergadering.
3. Sakelys.
4. Notule van die 1988-AJV.
   . Goedkeuring
   . Sake voortspruitend.
5. Mosie van roubeklag.
6. Bedankings.
7. Gelukwensing van orkeste.
8. Spesiale toekennings.
9. Verslag deur voorsitters van TBK-takke.
10. Penningmeester se verslag.
11. Voorsitter se verslag.
12. Algemeen:
    12.1 Besprekingspunte deur die TBK-komitee versoek:
    . Aftrekorders.
    . Plate.
    . Donasies en pryse.
    . TBK - Waarheen?

12.2 Besprekingspunte deur lede skriftelik ingedien:
12.3 Besprekingspunte van die vloer:
13. Verkiesing van 'n voorsitter.
14. Verkiesing van komiteelede.
15. Verdaging.

## BYEENKOMS NA DIE AFLOOP VAN DIE JAARVERGADERING OP 23 SEPTEMBER.

Die gebruiklike sosiale byeenkoms na die AJV sal vanjaar weer volgens die beproefde en gewilde resep plaasvind: Musiek, dans, vleisbraai en jolyt!

Die volgende orkeste het belowe om musiek te maak:
**Hannes Schoeman** (wenners van die 1989 SAUK-kompetisie). **Die Vyf Namakwalanders** (derde in 1989; naaswenners in 1988). Piet Snyman (derde in 1988). **Die Oudag-boereorkes** (wenners 1988). **Oom Ben Bester** en sy manne daar van Vaalharts af. Alle musikante is welkom om te kom saamspeel - bring dus gerus 'n musiekinstrument saam!

Daar is **VYF** nuwe langspeelplate aan die kom wat op die AJV vrygestel sal word. Danie Labuschagne sê dat daar verrassings vir almal van ons wag!

**Fred van Zyl se Boeredansgroep** gaan ook optree.

Kole, sous, pap, slaaie en koffie word soos gewoonlik weer gratis aangebied. Koeldrank sal te koop wees. Onthou net om u eie vleis, eet- en drinkgoed saam te bring vir 'n onvergeetlike aand.

**Toegang: TBK-lede** en hulle gesinne is baie welkom en toegang is gratis. **Nie-lede en gaste** is ewe welkom, maar hulle sal R15.00 per gesin moet opdok. Die bedrag sal aangewend word om die persoon se TBK-ledegeld vir die eerste jaar (1989/90) te betaal m.a.w. hy ontvang gratis lidmaatskap. **Toegang bly dus nog altyd gratis vir almal!**

## WAT IS TRADISIONELE BOEREMUSIEK?

Streng gesproke behoort daar geen behoefte te bestaan om iets wat na aan die hart lê; iets wat 'n besondere ervaring meebring, in woorde te omskryf nie. Maar êrens langs die pad duik daar 'n geleentheid op wanneer ons aan 'n ander persoon moet verduidelik waar daardie lekker gevoel vandaan kom. Ons mag nie oor die woorde struikel nie, want miskien vra hy jou hoe onderskei 'n man nou die "ware Jakob" van al die ander klanke wat jy hoor?

Ons vertrou dat die volgende twee pogings, die manne wat woorde kan inryg, sal aanspoor om nader aan die kern van die saak te kom.

1. Wat is tradisionele boeremusiek? Hieroor kan lank en driftig gedebatteer word. Daar bestaan geen formule om tradisionele Boeremusiek volkome te omskryf nie en daar sal seker ook nooit so 'n formule bestaan nie. Tog is daar, myns insiens, sekere basiese vereistes waaraan Boeremusiek moet voldoen om as "tradisioneel" te kan kwalifiseer.

   Tradisionele Boeremusiek is oorspronklik Europese volksmusiek wat saam met die setlaars die land ingekom het en hier, in Suid-Afrika, 'n eie karakter deur die jare ontwikkel het. Al die Dixieland-Jazz, Ragtime en ander invloede wat van Amerika af oorgewaai het en die sogenaamde "Moderne Boeremusiek" so opvallend oorheers, kan dus nooit deel vorm van tradisionele Boeremusiek nie.

   Die keuse van instrumente: Om tradisionele Boeremusiek op moderne instrumente te probeer speel getuig van swak smaak. Elektriese kitare, elektroniese orrels, tromme ens. beskou ek persoonlik as ongewens en slegs een verkeerde instrument bederf die karakter van tradisionele Boeremusiek.

   ***Stephaan van Zyl.***

2. Baie pogings is al aangewend om tradisionele Boeremusiek in terme van die musiekwetenskap of volgens sekere kombinasies van instrumente te omskryf. Dit werk egter nie uit nie, want volksmusiek wat die siel van 'n volk weerspieël, laat hom net nie in 'n hokkie druk nie. Laat ons dus 'n ander rigting probeer inslaan:

   Tradisionele Boeremusiek spreek tot die siel; dit raak die hartsnare en lê rustig op die oor. As die voete klaar gejeuk het, is daar altyd iets wat agterbly - die hunkering om nog meer van daardie lekker klanke te hoor. Dit is musiek wat 'n mens met jou hele wese ervaar!

   ***Ed Retief.***

## GRONDWETTE:
## A. Inleiding.

Elders in hierdie nuusbrief verskyn die TBK se bestaande grondwet sowel as 'n konsep van voorgestelde wysigings daarvan. Die bestaande grondwet, wat baie van u seker vir die eerste keer onder oë kry, is opgestel om aan sekere behoeftes en omstandighede te voldoen toe die TBK nege jaar gelede gestig is. Heelwat verwikkelinge het egter intussen plaasgevind en die komitee het dus besluit dat die bestaande grondwet vir die volgende redes hersien moet word:

- Om teenstrydige bepalings reg te stel.
- Om die grondwet aan te pas by die TBK se huidige aktiwiteite, doelstellings en behoeftes.
- Om die **NAAM, DOELSTELLINGS & KARAKTER** van die Klub, wat as onvervreembare elemente beskou word, te beskerm.

Hierdie laaste item is seker die belangrikste rede, veral as die volgehoue pogings gedurende die afgelope twee jaar om die TBK of sy lede in 'n ongevraagde en ongemaklike affiliasie by 'n oorkoepelende Boere-musiekorganisasie te betrek, in ag geneem word.

Die taak om die bestaande grondwet te hersien is deur myself, Stephaan van Zyl en Danie Labuschagne onderneem. Daar is gepoog om die gees en gevoel van Klublede in hierdie dokument te vertolk en daarom is dit noodsaaklik dat u 'n inset lewer om ons te laat weet hoe u oor die saak voel! Die pligte en magte van die komitee is duidelik vasgelê. Die lyndrade waartussen hulle mag beweeg in die uitvoering van hierdie pligte is goed gespan en enige lid kan hom dus op die nuwe grondwet beroep indien hy/sy voel dat die komitee afdwaal.

Alhoewel die komitee elke item deeglik herkou en bespreek het, is daar miskien nog haakplekke of onduidelikhede. Alle lede, veral diegene wat ongelukkig nie die vergadering sal kan bywoon nie, word vriendelik uitgenooi om enige voorstelle of navrae skriftelik of telefonies te rig aan:

- Dr EA Retief, Bus 55549, Arcadia 0007.
  Tel.: (012) 911-0224 (H).
- S van Zyl, Bus 55549, Arcadia 0007. Tel.: (012) 343-6703.
- D Labuschagne Tel.: (012) 77-2904.

Alle bydraes sal in ag geneem word wanneer die voorgestelde gewysigde grondwet tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering op 23 September (sien kennisgewing elders in hierdie nuusbrief) aan lede voorgelê word vir bespreking en goedkeuring.

Ons vertrou dat hierdie poging tesame met u insette sal bydra om die TBK se unieke karakter, gees en doelstellings ongeskonde te laat voortbestaan. Bewaar asseblief hierdie nuusbrief. Dit is die enigste kopie wat u sal ontvang en u moet dit dus saambring na die Spesiale Vergadering om die besprekings te kan volg. Daarna sal slegs amendamente op die voorgestelde wysigings uitgestuur word.

## B. Bestaande Grondwet.

### 1. NAAM

Die naam van die Klub sal wees **DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB.** Hierna die Klub genoem.

### 2. OOGMERKE

2.1 Die versameling, behoud en uitbouing van tradisionele boeremusiek.
2.2 Om navorsing te doen met betrekking tot die historiese ontwikkeling van tradisionele boeremusiek en om veilige bewaring van alle versamelstukke vir die nageslag te verseker.
2.3 Om fondse in te samel met die doel om die oogmerke hierbo omskryf, te verwesenlik.

### 3. LIDMAATSKAP

3.1 Gewone lede: Sal beperk wees tot alle Blankes op skriftelike aansoek gerig aan die komitee van die Klub en onderhewig aan die goedkeuring van laasgenoemde.
3.2 Erelede: Die komitee van die Klub kan enige lid van die Klub of enige ander persoon wat volgens die oordeel van die Komitee daarvoor kwalifiseer, tot erelid benoem.

### 4. BESTUUR

4.1 Die beheer en bestuur van die Klub sal gesetel wees in 'n komitee wat as volg saamgestel word:
'n Voorsitter; 'n Sekretaris; 'n Penningmeester en drie gewone lede.
4.2 Die komitee sal tydens die Algemene Jaarvergadering verkies word.
4.3 Die komitee word vir 'n tydperk van drie jaar verkies sodat genoeg tyd gegun word aan verkose persone om hulle projekte te kan afhandel.
4.4 Die Klub sal deur genoemde komitee beheer en bestuur word in die gees om die doelstellings en oogmerke van die Klub te verwesenlik.
4.5 'n Waarnemende Voorsitter en/of Sekretaris sal deur die komitee aangewys word in geval die Voorsitter en/of Sekretaris om een of ander rede nie beskikbaar is nie.

4.6 Die helfte van die komitee sal tydens vergaderings 'n kworum vorm.
4.7 Die komitee sal te eniger tyd die reg hê om enige persoon op die komitee te koöpteer.

**5. DAGBESTUUR**

Indien nodig sal 'n dagbestuur deur die komitee aangewys word om sake van dringende belang te hanteer.

**6. FUNKSIES**

6.1 Die Sekretaris.
- 6.1.1 Hy sal behoorlik kennis van alle vergaderings aan lede van die Klub gee.
- 6.1.2 Hy sal notules van alle vergaderings byhou waarin alle besprekings, handelinge en besluite tydens vergaderings geneem, aangeteken word.
- 6.1.3 Hy sal 'n volledige lys van alle ingeskrewe lede byhou.
- 6.1.4 Hy sal saam met die voorsitter verantwoordelik wees vir die opstel van 'n agenda vir elke vergadering.
- 6.1.5 Hy sal enige ander opdrag deur die komitee wat nie strydig is met die Grondwet nie, stiptelik uitvoer.

6.2 Die Penningmeester.
- 6.2.1 Hy sal aan die komitee verantwoordelik wees vir die behoorlike byhou van alle finansiële boeke en registers, volledige verslag kan lewer van alle fondse van die Klub deur hom hanteer en te alle tye 'n ware weergawe van die finansiële transaksies van die Klub kan verstrek.
- 6.2.2 Hy moet jaarliks 'n behoorlik ge-ouditeerde finansiële verslag aan die Algemene Jaarvergadering voorlê vir goedkeuring.
- 6.2.3 Hy sal enige opdrag deur die komitee wat nie strydig met die Grondwet is nie, stiptelik uitvoer.

**7. VERGADERINGS:**

7.1 Komiteevergaderings: Sal minstens drie keer per jaar gehou word.
7.2 Algemene Jaarvergadering: Sal jaarliks binne 6 maande na 31 Maart gehou word.
7.3 Spesiale Algemene Vergaderings: Sal gehou word:
- 7.3.1 Wanneer die komitee dit om een of ander rede noodsaaklik ag.
- 7.3.2 Op skriftelike aansoek gerig aan die komitee en onderteken deur minstens een-derde van alle ingeskrewe lede.

7.4 Skriftelike kennis van 'n vergadering moet drie weke voor die tyd aan alle lede gegee word.

7.5 Tydens die Algemene Jaar- en Spesiale Algemene Vergaderings sal vyf persent van alle ingeskrewe lede 'n kworum vorm.
7.6 Besluite by alle vergaderings sal by wyse van 'n meerderheidstem geneem word.
7.7 Stemming sal normaal weg deur die opsteek van hande geskied, maar indien dit volgens die oordeel van die die komitee nodig is, kan daar van stembriefies gebruik gemaak word.

**8. DISSIPLINêRE MAATREëLS:**

Enige lid kan sy lidmaatskap ontneem word indien:
8.1 Hy versuim om sy lidmaatskapfooi te betaal.
8.2 Hy vrywillig bedank.
8.3 Volgens die oordeel van die komitee, sy voortgesette lidmaatskap nie in die belang van die Klub is nie.

**9. HANTERING VAN FONDSE**

9.1 'n Rekening sal by 'n erkende handelsbank soos deur die komitee beslis, geopen word.
9.2 Alle uitbetalings sal per tjek geskied.
9.3 Alle tjeks sal deur die Penningmeester en minstens een komiteelid onderteken word.

**10. INTREE- EN LIDMAATSKAPFOOIE:**

10.1 'n Eenmalige bedrag soos deur die komitee bepaal sal as intreefooi betaalbaar wees.
10.2 Lidmaatskapfooie soos deur die komitee bepaal sal jaarliks vooruitbetaalbaar wees.

**11. EIENDOM**

Alle besit en beheer oor eiendom van die Klub sal in die komitee gesetel wees.

**12. GRONDWET**

12.1 Die Grondwet kan slegs tydens 'n Algemene Jaar- of Spesiale Algemene Vergadering gewysig word mits daar minstens twee weke voor die vergadering kennis van sodanige wysigings gegee is.
12.2 Indien enige bepalings in die Grondwet onduidelik is of dubbelsinnig vertolk kan word, is die vertolking van die komitee beslissend en bindend tot die volgende Algemene Jaar- of Spesiale Algemene Vergadering.

**13. TOEVOEGING TOT DOELSTELLINGS**

13.1 Die gemeenskaplike belange van lede en hul werknemers te reël op 'n ander wyse as die beoefening deur hierdie vereniging van handelsbedrywighede of ander bedrywighede met winsoogmerk, of

deelname deur hierdie vereniging aan enige besigheidsbedrywighede van enige van sy lede, of die voorsienning aan enige van sy lede van geldelike hulp van enige perseel of van aanhoudende dienste of fasiliteite wat deur sy lede benodig word vir die beoefening van 'n besigheid;

13.2 sy bedrywighede geheel en al of hoofsaaklik daarop te mik om sy vernaamste oogmerke te bevorder;

13.3 nie enige van sy profyte of winste aan enige persoon uit te keer nie en hy verplig word om sy fondse uitsluitlik vir belegging of die oogmerke waarvoor hy ingestel is, te gebruik; en

13.4 by sy likwidasie of ontbinding, die bates wat oorbly, na voldoening aan sy verpligtinge, te gee of oor te maak aan 'n ander vereniging met oogmerke soortgelyk aan dié van die vereniging.

## C. VOORGESTELDE GEWYSIGDE GRONDWET:

# GRONDWET

**1. NAAM:**

Die naam van die klub sal wees die **"TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN SUID-AFRIKA"**, hierna die Klub genoem.

**2. DOELSTELLINGS:**

. Die versameling en uitbou van tradisionele Boeremusiek*
. Om die onvervreembare en unieke karakter van tradisionele Boeremusiek ongeskonde te bewaar.
(* Hierna afgekort na TBM)

**3. UITVOER VAN DOELSTELLINGS:**

Die Klub sal streef om sy doelstellings aktief te bevorder deur:

. Persone wat die doelstellings onderskryf byeen te bring.
. Die beoefening van TBM aan te moedig en leiding aan voornemende musikante te verskaf.
. Toe te sien dat TBM die nodige publisiteit in die media geniet.
. Te reël of te onderneem, afhangende van omstandighede, dat langspeelplate van sowel ou 78-spoedplate as van nuwe vertolkings van TBM gemaak en versprei word.
. Navorsing oor die historiese ontwikkeling van TBM te stimuleer of te onderneem.
. Die komponeer van nuwe stukke in die TBM-idioom aan te moedig.
. Die veilige bewaring van alle versamelstukke te verseker.
. 'n Nuusbrief uit te gee.
. Fondse in te samel om die doelstellings te bereik.
. Takke te stig om lede in verskillende geografiese sentra bymekaar te bring.

**4. SAMEWERKING EN AFFILIASIE MET ANDER ORGANISASIES:**

4.1 Hulp in die vorm van advies en morele bystand, maar nie geldelike ondersteuning nie, kan aan organisasies met oogmerke wat aansluit by dié van die Klub, verleen word.

4.2 Enige vorm van samewerking en/of affiliasie kan slegs oorweeg word indien die naam en beginsels van die Klub soos vervat in artikels 1 en 2 van hierdie grondwet, sowel as sy apolitiese karakter nie gekompromitteer word nie.

## 5. LIDMAATSKAP:

5.1 Geen kategorie van lidmaatskap is aan 'n ander persoon oordraagbaar nie.

5.2 Elke lid sal 'n agenda, 'n notule van die vorige Algemene Jaarvergadering (AJV), en 'n finansiële staat een-en-twintig (21) dae voor elke AJV ontvang.

5.3. Daar sal drie kategorieë van lidmaatskap wees:

5.3.1. **Gewone lidmaatskap** - Aansoek om lidmaatskap moet skriftelik aan die komitee gerig word vir goedkeuring. In die geval van 'n onsuksesvolle aansoek hoef geen rede verskaf te word nie. 'n Gewone lid is geregtig op alle voordele en fasiliteite wat die Klub aanbied en hy/sy kan een stem uitbring op vergaderings.
'n Persoon se toetrede tot die Klub is onderhewig aan die vooruitbetaling van jaarlikse ledegeld.
Voorsiening word gemaak vir 'n spesiale ledegeldtarief vir gesinne en groepe persone, bv. skole. Slegs die senior lid hoef aansoek om lidmaatskap te doen en die voorregte van so 'n gesin of groep sal dieselfde as dié van 'n gewone lid wees met die uitsondering dat slegs die genomineerde lid mag deelneem aan besprekings en beslissings op vergaderings, waar hy op een stem geregtig is.
Die spesiale ledegeldtarief vir gesinne en groepe beloop 150% van dié vir gewone lede.

5.3.2. **Erelidmaatskap** - Die komitee of 'n gewone lid kan voorstel dat enige persoon wat 'n besondere bydrae tot TBM gelewer het, of, spesiale diens aan die Klub gelewer het deur die doelstellings aktief te bevorder, tot erelid benoem word.

Die voorstel, wat op skrif moet wees en 'n volledige uiteensetting van die persoon se bydrae moet bevat, moet aan die sekretaris gestuur word vir voorlegging aan die komitee. Die komitee sal die finale beslissing hê.
'n Erelid sal:

- Alle voorregte van 'n gewone lid geniet.
- Vrygestel wees van jaarlikse ledegeld.
- By 'n gepaste geleentheid 'n oorkonde ontvang.
- Homself onderwerp aan dissiplinere maatreëls volgens artikel 11.

5.3.3. **Spesiale lidmaatskap** - Enige organisasie of groep persone wat voldoen aan dieselfde vereistes as hierbo gestel vir erelidmaatskap, kwalifiseer om benoem te word vir spesiale lidmaatskap.
Die prosedure vir goedkeuring is dieselfde as vir erelidmaatskap. Die voordele van 'n spesiale lid sal beperk wees tot 'n oorkonde wat aan die hoof van die organisasie of groep aan wie die toekenning gemaak word, oorhandig sal word.

**6. BESTUUR:**

6.1 Die beheer en bestuur van die Klub sal gesetel wees in 'n komitee wat soos volg saamgestel is:

- Voorsitter
- Sekretaris
- Ondervoorsitter
- Penningmeester
- Vier (4) addisionele lede
- Voorsitters van TBK-takke

6.2 Die voorsitter en komiteelede (uitgesonder die voorsitters van TBK-Takke) sal tydens 'n Algemene Jaarvergadering (AJV) of 'n Spesiale Vergadering (SV) aangewys word.

6.3 'n Ondervoorsitter, sekretaris en penningmeester sal deur die komitee self uit verkose lede aangewys word.

6.4 Komiteelede word vir 'n termyn van een (1) jaar verkies.

6.5 Voorsitters van TBK-Takke sal outomaties sitting op die komitee hê.

6.5 Die plig van die komitee is om die Klub te beheer en te bestuur in 'n gees wat die doelstellings soos in artikel 2 vervat, verwesenlik.

6.6 Die komitee het die reg om 'n persoon/persone te koöpteer om 'n vakature wat mag ontstaan te vul, of om vir 'n voorafbepaalde periode 'n spesifieke taak te verrig. In geen geval egter sal die persoon/ persone langer diens doen as die ampstermyn van die volle komitee nie. So 'n persoon/persone sal stemreg op vergaderings hê.

6.7 Vyf lede sal tydens alle vergaderings 'n kworum vorm.

6.8 Beslissing sal by wyse van 'n stemming geskied en in die geval van 'n gelykop verdeling sal die voorsitter naas sy gewone stem ook 'n beslissende stem hê.

6.9 Die komitee kan subkomitees, saamgestel uit komiteelede, aanwys om 'n spesifieke taak/take te verrig.

6.10 Aangaande klubverwante aangeleenthede wat as sensitief, kontroversieel of as klubbeleid vertolk kan word:
Geen komiteelid sal onder enige omstandigheid namens die Klub'n mening in die openbaar uitspreek sonder dat die aangeleentheid op 'n komiteevergadering uitgeklaar is nie.

6.11 Slegs die komitee sal geregtig wees om kontrakte namens die Klub te sluit en goed te keur.

6.12 Slegs TBK-lede wat nie lid is van 'n soortgelyke organisasie waarvan die doelstellings oversoenbaar is met diè van die TBK, of as mededingend beskou kan word, is verkiesbaar vir die bestuur van die TBK of van enige TBK-tak.

6.13 Pligte van ampsdraers:

6.13.1 Voorsitter -
Hy sal die leiding neem by alle vergaderings en finale beheer oor finansies van die Klub asook oor die pligte van die sekretaris uitoefen.
Hy alleen is by magte om verklarings aan die media uit te reik.
Hy sal saam met die sekretaris 'n agenda vir elke vergadering opstel.
Hy is by magte om komiteevergaderings van TBK-takke by te woon en aan die besprekings deel te neem, maar beskik nie oor stemreg nie.

6.13.2 Ondervoorsitter -
Indien die voorsitter nie beskikbaar is nie sal die ondervoorsitter in sy plek optree, in welke geval hy alle funksies en magte van die voorsitter oorneem.

6.13.3 Sekretaris -
Hy sal behoorlik kennis gee en 'n agenda van vergaderings aan alle belanghebbendes verskaf.

Hy sal notules van van alle vergaderings byhou en toesien dat dit aan belanghebbendes versprei word.
Hy sal 'n volledige lys van alle lede byhou.
Hy sal alle korrespondensie waarneem.

6.13.4 Penningmeester -

Hy is verantwoordelik vir die byhou van alle finansiële rekords en moet te alle tye volledig verslag kan lewer van alle klubgelde wat deur hom en/of persone met gedelegeerde magte hanteer word.
Hy sal jaarliks 'n ge-ouditeerde finansiële verslag aan 'n AJV voorlê vir insae en goedkeuring.
Hy sal jaarliks 'n ge-ouditeerde finansiële verslag aan die Ontvanger van Inkomste, Bloemfontein of Pretoria, stuur.

6.13.5 Komiteelede -

Alle lede is verplig om, indien dit nie strydig met die grondwet is nie, 'n opdrag van die komitee uit te voer.

## 7. FINANSIES:

7.1 Die Klub sal by 'n erkende handelsbank 'n rekening open vir die hantering van alle klubfondse.

7.2 Slegs die penningmeester en twee komiteelede, soos deur die komitee aangewys, sal tekenmagte hê.

7.3 Alle uitbetalings sal per tjek wat onderteken is deur twee gemagtigde ampsdraers, geskied.

7.4 Alle gelde wat ampsdraers namens die Klub insamel/hanteer sal in die rekening inbetaal word en volledige besonderhede van die transaksies moet aan die penningmeester verskaf word.

7.5 Fondse wat namens die TBK-takke in trust gehou word, sowel as fondse wat vir 'n spesiale doel ingesamel word, kan met die instemming van die komitee, in aparte spaarrekenings by die bogenoemde handelsbank belê word.

7.6 Die finansiële jaar sal strek vanaf 1 April tot 31 Maart van die daaropvolgende jaar.

## 8. LEDEGELDE:

8.1 Ledegelde is jaarliks vooruitbetaalbaar op die lid se datum van toetrede tot die Klub.

8.2 'n Lid wat versuim om binne ses (6) maande vanaf die vervaldatum sy ledegelde te betaal, sal sy lidmaatskap outomaties verbeur.

8.3 Lidmaatskapfooie sal deur die komitee vasgestel word en op 'n AJV of SV aan die lede vir goedkeuring voorgelê word.

## 9. VERGADERINGS:

9.1 **Komiteevergaderings** sal minstens vier keer per jaar gehou word en elke lid sal minstens sewe dae voor 'n vergadering 'n kennisgewing en agenda ontvang.

9.2 **Algemene Jaarvergadering (AJV)**

9.2.1 'n AJV sal elke jaar gedurende September gehou word en lede sal ten minste een-en-twintig (21) dae voor die tyd 'n kennisgewing en agenda ontvang.

9.2.2 Tien persent (10%) van alle ingeskrewe gewone lede sal 'n kworum vorm.

9.2.3 Lede kan die sekretaris minstens ses (6) weke voor 'n AJV skriftelik versoek om 'n besprekingspunt op die agenda te plaas.

9.2.4 Die agenda moet 'n item "Algemeen" bevat om aan lede 'n geleentheid vir bespreking te bied.

9.3. **Spesiale Vergadering (SV)**

9.3.1 'n SV kan op besluit van die komitee, of op skriftelike versoek van minstens twintig (20) ingeskrewe lede belê word.

9.3.2 Die komitee mag nie 'n versoek om 'n SV te belê, weier nie en die nodige reëlings vir 'n SV moet binne een-en-twintig (21) dae na ontvangs van 'n versoek, getref word.

9.3.3 Een-en-twintig (21) dae kennis van 'n SV sowel as die rede daarvoor sal skriftelik aan alle lede gegee word.

9.3.4 Slegs die aangeleentheid(e) waarvoor 'n SV belê is, mag bespreek word.

9.3.5 Tien persent (10%) van alle ingeskrewe lede sal 'n kworum vorm.

9.4. **Buitengewone Vergadering**

9.4.1 'n Buitegewone vergadering kan slegs deur die komitee belê word om die verskanste artikels 1, 2, 4, 9.4 en 10. van hierdie grondwet te wysig.

9.4.2 Een-en-twintig (21) dae kennis van die vergadering sal aan alle lede gegee word en hulle sal 'n volledige uiteensetting van die voorgestelde wysiging(s) ontvang.

9.4.3 Sestig persent (60%) van alle ingeskrewe lede sal 'n kworum vorm.

9.4.4 Die voorgestelde wysiging(s) kan slegs aanvaar word indien ten minste negentig persent (90%) van die aanwesige lede ten gunste daarvan stem.

**10. GRONDWET:**

10.1 Enige wysiging aan die grondwet kan slegs onder die volgende voorwaardes plaasvind:

10.1.1 Met die uitsondering van artikels 1, 2, 4, 9.4 en 10 van hierdie grondwet kan alle ander artikels gewysig word op 'n SV wat vir dié doel belê is.

10.1.2 Alle lede sal volledige inligting ontvang oor die voorgestelde wysiging(s).

10.1.3 Die wysigings sal aanvaar word slegs indien vyf-en-sewentig persent (75%) van die aanwesige lede ten gunste van daarvan stem.

10.1.3 In die geval van artikels 1, 2, 4, 9.4 en 10, wat die naam, doelstellings en karakter van die Klub omskryf en as onvervreembaar beskou word, kan enige wysiging slegs op 'n Buitengewone Vergadering soos in artikel 9.4 bepaal, geskied.

10.2 Met elke wysiging van die grondwet sal 'n kopie van die nuwe weergawe aan die Ontvanger van Inkomste, Bloemfontein of Pretoria gestuur word.

## 11. DISSIPLINêRE MAATREëLS:

11.1 Enige gewone, ere- of spesiale lid wat deur sy handelinge en/of uitlatings die doelstellings en/of naam van die Klub skend, of, indien sy voortgesette lidmaatskap nie in belang van die Klub is nie, kan deur die komitee van sy lidmaatskap ontneem word.

11.2 Die komitee kan versoek dat die betrokke lid 'n skriftelike verduideliking oor die aangeleentheid indien voordat 'n beslissing gemaak word.

## 12. TAKKE:

12.1 Indien daar 'n behoefte ontstaan, kan lede wat in 'n spesifieke gebied woonagtig is, by die komitee aansoek doen om 'n tak te stig.

12.2 Goedkeurig sal verleen word onderworpe daaraan dat die grondwet van die betrokke Tak deur die komitee goedgekeur word en nie enigsins met hierdie grondwet bots nie.

## 13. ONTBINDING VAN DIE KLUB:

13.1 Die Klub sal as ontbind beskou word indien die aantal ingeskrewe gewone lede minder as tien (10) bedra of indien 'n besluit tot dien effekte deur 'n meerderheid van 75% van teenwoordige lede tydens 'n AJV of SV daartoe besluit.

13.2 By ontbinding van die Klub sal alle skulde eers vereffen word voordat die restant van die bates oorgedra word aan:
Die Kurator, NALN, BLOEMFONTEIN
met dien verstande dat genoemde bates aangewend sal word slegs vir die versameling en bewaring van TBM.

## 14. REGSPERSOONLIKHEID

Die Klub kan regte en verpligtinge aangaan en kan in sy naam regsgedinge instel of verdedig.

## TBK -- WAARHEEN?

**Sedert die eerste samesprekings aangaande 'n oorkoepelende organisasie, wat al die verskillende elemente van Boeremusiek bymekaar sou bring, het daar al meer lelike dinge as positiewe bydraes oor die onderwerp uitgebroei. Die TBK-komitee se beleidsverklaring in die Vastrapper van Junie 1989 waar ons "elke diertjie sy plesiertjie" toewens, het klaarblyklik nog nie deurgedring tot diegene wat nie ons doelstellings deel nie. Daar word sporadies klappe na ons kant toe uitgedeel en streng gesproke, behoort die TBK dit te ignoreer, want ons stewige fondamente (ongeveer 700 lede), waardigheid en beproefde doelstellings is verhewe bo sulke ou dingetjies. Daar is egter lede wat baie sterk voel dat ons ons saak moet stel. Hier volg 'n paar van die jongste "pogings" wat krap:**

Tydens 'n 45-minuut lange onderhoud met Neels Mattheus op die SAUK-program, 55-voor-5, op 23 Junie, het hy as voorsitter van die pasgestigte Oos Kaaplandse streekklub van die SA Boeremusiekgilde, sy siening oor die verwantskap tussen tradisionele en moderne Boeremusiek baie duidelik gestel. Volgens hom dien tradisionele Boeremusiek as die skatkis waaruit almal put. Verwerking van hierdie oorspronklike wysies lewer dan "intelligente" musiek. Die stelling is twee keer herhaal gedurende die program waartydens voorbeelde van Neels Mattheus se vertolkings van 'n tradisionele nommer sowel as sy weergawe van "intelligente" moderne Boeremusiek met 'n "swing" gespeel is.

Hierdie mening volg op uitlatings wat hy gemaak het na sy nederlaag teen Oom Boetie Kallis in die 1988 se TV-Boereorkes-wedstryd (Beeld, 12 Augustus 1988). Hy het o.a. gesê "... Wat waardigheid, intelligensie en konstruksie betref, was Paul Ferns se orkes die beste... Ek beskou dit [Oom Boetie Kallis se sg. Boeremusiek] as Kaapse Klopse-musiek en iemand het daarna verwys as Maleiermusiek...". Hy het ook Willie Fourie se stelling aangehaal "...Boeremusiek is in 1980 gebore en in 1988 begrawe...".

Nico van Rensburg het in 'n brief aan die TBK o.a. "... Die TBK-komitee se verkrampte idees en uitlatings van tyd tot tyd dat die samestelling van huidige boereorkeste, hul styl en spelpatroon nie aanvaarbaar is nie ..." as rede vir sy bedanking uit die TBK aangevoer.

Ollie Viljoen, het in 'n bespreking van Boeremusiek (Rapport, 15 Mei 1988) na moderne Boeremusiek as "gesofistikeerd" verwys en ook gewaarsku dat "...'n Ding (tradisionele Boeremusiek?) wat nie groei nie, sterf...". Hy het ook onlangs op 'n SAUK-program gemaan dat "... ons (tradisionele Boeremusikante) uit die museum moet kom...".

Al drie hierdie bekende persoonlikhede is by die beoogde Boeremusiekgilde betrokke en hulle interessante menings verdien dus beslis aandag. Daar is duisende voorbeelde in die klassieke musiek, jazz sowel as in volkswysies van variasies of verwerkings van een komponis se skepping deur 'n ander. Ek dra egter geen kennis van enige geval waar sulke verwerkings as òf "intelligent" òf "gesofistikeerd" bestempel word nie. Mnre Mattheus en Viljoen verdien dus beslis lof, indien nie toekennings nie (miskien Artesbeeldjies?), vir hulle onderskeie ontdekkings van hierdie elemente in moderne Boeremusiek! Neels Mattheus se beheptheid met "intelligente" musiek laat 'n mens maar net wonder.

By implikasie is die teenoorgestelde van bg. stellings dat tradisionele Boeremusiek "onintelligent en ongesofistikeerd" is. Is ons miskien nie 'n bietjie te fyngevoelig nie, of mag ons die begrippe verder rek en glo dat dit ook verwys na die TBK sowel as sy lede wat tradisionele Boeremusiek bevorder? Voorts is dit baie interessant en bemoedigend dat die SAUK soveel uitsaaityd aan die Gilde toestaan.

Dan is daar nog 'n ander groot raaisel: Die Boeremusiekgilde word tog vir alle vorms van Boeremusiek gestig en almal word uitgenooi om aan te sluit. Maar hoe gaan hulle gevorderde musikante nou met hierdie "onintelligente en ongesofistikeerde" broeders op die ossewa oor die weg kom? Sal die tradisionele musikante dan altyd bywoners bly?

Alhoewel die komitee onder geen omstandighede aan ons lede kan/wil voorskryf hoe hulle uiting aan hulle gevoelens teenoor Boeremusiek moet gee, kom die Boeremusiekfees te Leeupoort wat vir Oktober beplan word, ter sprake. Die komitee het om verskeie redes 'n amptelike uitnodiging om aan die verrigtinge deel te neem, van die hand gewys. Dit is in die vooruitsig gestel dat die lede en besture van beide die TBK en die Gilde moes sorg vir musiek (boereorkeskompetisies) en ook hulp met die reëlings verleen. Die komitee het besluit dat die TBK onder die huidige omstandighede nie by so 'n gesamentlike feesviering betrokke kan raak nie.

Hierdie paar nuusbrokkies en kommentaar behoort u ietwat van 'n aanduiding te verskaf van een aspek van die talle aanmerkings wat na ons kant toe geslinger word. Ten spyte van die "effe ongelukkigheid" wat

dan nou onder ons lede sou heers, volgens die persberigte, het daar tot op datum slegs een persoon bedank. Minstens vier senior lede van die TBK het hulle egter beskikbaar gestel om op komitees van die Gilde se streekklubs te dien. Die huidige komitee beskou hierdie toestand van sake as 'n voorbeeld van verdeelde lojaliteit wat beslis nie tot voordeel van die TBK kan strek nie. Die voorgestelde nuwe grondwet bevat dus 'n klousule wat 'n TBK-lid outomaties diskwalifiseer om homself verkiesbaar te stel vir die TBK se bestuur indien hy terselfdertyd ook by die Gilde as lid ingeskryf is.

Alle liefhebbers van tradisionele Boeremusiek, al bespeel u self geen instrument nie, is in die Klub welkom. Ons verwag egter dat enige persoon wat op ons byeenkomste musiek wil maak, ten minste goeie maniere openbaar deur te probeer om tradisioneel te speel. Elektriese kitare, tromme en elektroniese instrumente kan egter nie tradisionele Boeremusiek maak nie en moet liewer tuis gelaat word.

Dit word duidelik gestel dat die TBK geen amptelike orkes(te) het nie. Enige musikant of groep musikante, het die reg om op te tree waar en met wie hulle wil en musiek van hulle eie keuse te speel. Solank as die TBK se naam nie in gedrang kom nie, het die Klub geen beswaar teen sulke aktiwiteite nie.

Sekere TBK-lede het op die 1987-jaarvergadering sowel as in briewe aan die Vastrapper hulle ondersteuning en liefde vir tradisionele Boeremusiek uitgespreek. In hierdie huidige klimaat van venynige aanvalle op diè musiek wat na aan ons harte lê, het die komitee egter die tasbare ondersteuning en menings van baie meer lede nodig. Laat ons weet of u saamstem met die komitee se vertolking en uitvoering van die TBK se doelstellings.

***Ed Retief.***